Tema: "Brand recognition"

Richard van Wyk

Handelsmerke:
Het jy al gewonder wat is die "most valued brands in the world"? Volgens Google is dit: 1. Coca-Cola



2. Apple
3. Crux

4. IBM // 5. Google // 6. Microsoft // 7. GE // 8. McDonald's // 9. Intel // 10. Samsung // 11. Toyota

Die vraag waaroor ons die week wil saam dink is: Waaraan dink jy as jy aan die woord, of dan die handelsmerk "Christen" dink?

Interessant genoeg is dit nie so maklik om die woord Christen te beskryf nie. Ek lees selfs die week van iemand wat 'n Christen so beskryf:

Christene is veroordelende, homofobiese, moraliste wat dink hulle is die enigstes wat hemel toe gaan, en wat in die geheim hoop dat almal wat nie soos hulle glo nie hel toe sal gaan, maar hulle is lief vir God en hulle medemens.

Hier is die goeie en slegte nuus. Die woord Christen kom net drie keer in die Bybel voor en nêrens word die woord Christen iewers in die Bybel gedefinieer sodat ons kan weet wat presies dit is nie.

Wanneer die woord Christen in die Bybel gebruik word is dit elke keer 'n neerhalende term wat gebruik word – nie deur mense wat vir Jesus lief het nie maar altyd deur mense wat buite die Jesus gemeenskap gestaan het. Die eerste plek waar ons lees van die term Christen is in Handelinge 11:26: In Antiogië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem.

Baie belangrik – die mense wat vir Jesus lief gehad het, het nie na hulleself verwys as Christene nie. Hulle het hulself iets veel meer vreesaanjaend, iets veel meer definieerbaar, iets veel meer ontstellend genoem as Christen. In die oorspronklike Grieks word hier 'n ander woord gebruik. In die oorspronklike Grieks lees vers 26 so: In Antiogië is die ***dissipels*** die eerste keer Christene genoem.

Lees mens die Nuwe Testament, dan word die woord dissipel die hele tyd gebruik om mense te beskryf wat deel was van hierdie Jesus-beweging.

Wat is ’n dissipel?
Destyds het jy rabbi’s gehad (wat ons ook kan vertaal met onderwysers) en elke rabbi kies vir hom leerlinge of navolgers of dissipels. ’n Dissipel is dus iemand wat in sy rabbi geglo het, maar nog belangriker is dat die rabbi in sy dissipels geglo het. Dink gou hieraan – ja ons glo in Jesus maar het jy al ooit daaraan gedink dat Jesus in jou glo? Hy glo jy kan word soos Hy!

Die skrikwekkende en ontstellende vraag is dus: Is ons dissipels? Word ons al meer en meer soos ons rabbi – word ons al meer en meer soos Jesus?

Wat doen ’n dissipel dan?
Dit is so eenvoudig dat ek doodseker is dat julle dit al duisende kere gehoor het. Die Bybel is ‘n baie dik boek met baie reels en wette, maar uit hierdie dik boek kom Jesus en kom definieer ‘n dissipel met een enkele sinnetjie – met ‘n “one liner”.

Ek wil hê ons moet gou ons verbeelding gebruik en so ongeveer 2000 jaar terug dink. Jesus is aan die einde van sy bediening, en Hy en sy dissipels is besig om nagmaal te hou. Judas het reeds geloop om hom te gaan verraai en Hy besef die tyd loop uit. Hulle kom hom binnekort haal om gekruisig te word. En dan sê hy vir sy dissipels:
Johannes 13:33: My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie.

Hier kom dit nou - Johannes 13:34: Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

En dan brei hy so bietjie uit en sê: Johannes 13:35: As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle ***dissipels*** van My is.”

Hier is daai woord dissipel weer. Net hierdie een enkele ding bepaal of jy ’n dissipel van Jesus is of nie: het jy lief?

Droom:
’n Besoeker aan die ver afgeleë dele van Australië was beïndruk deur die skynbaar eindelose kilometers van beesplase sonder enige teken van enige heinings. Hy vra toe 'n plaaslike boer hoe hy sy beeste op sy plaas hou. Die boer het geantwoord: "O, dit is geen probleem nie. Hier bou ons nie die heinings al hoër en hoër om die beeste in te hou nie, ons grawe waterputte. Die beeste wil nie loop – hulle kry te lekker water en kos hier op my plaas.”

Sê nou net dit is hoe mense oor die handelsmerk, die “brand” Christen sou dink. Sê nou net ons bou nie mure, en al hoër heinings, met nog reëls en nog wette nie. Sê nou net ons grawe putte van liefde dat mense aangetrek word en nie wil loop nie, omdat dit net te lekker is by ons. Sê nou net.

Jesus glo ons kan liefhê soos Hy!

crux.moederkerk.org | crux@moederkerk.co.za | 021 883 3458 | /kruiskerk | /kruiskerkcoza